# Afrikaanse Protestantse Kerk

***Rig alle korrespondensie aan die Direkteur van Kerkadministrasie:**
**Ds. HSW Strauss**
**e-pos:** redakteur@apk.co.za


31 Oktober 2019

**OMSENDBRIEF 15/2019**

**Psalms en Gesange vir die AP Kerk - Digitaal**

**Aan alle leraars en skribas van gemeentes**

Dit is met groot vreugde dat ons u in kennis kan stel dat die digitale weergawe van ons sangbundel, *Psalms en Gesange vir die AP Kerk*, voltooi is. Hierdie digitale weergawe is saamgestel met die oog op digitale projeksie en bestaan uit *Power Point*-skyfies waarop elke vers van ’n spesifieke lied, nou ook die note by het. Hiervoor is ons groot dank verskuldig aan *Bybel Media* en spesifiek mev. Hettie Boshoff wat die uitleg gedoen het.

Ons is bewus daarvan dat heelwat AP kerke al vir ’n geruime tyd die woorde van die *Psalms en Gesange vir die AP Kerk* projekteer. Ongeag die formaat waarin u die liedere projekteer (al is dit dat u self die woorde oorgetik het), vereis die wet op kopiereg dat die nodige toestemming verkry word voordat liedere op hierdie manier gereproduseer word. *Christian Copyright Licensing International* (CCLI) voorsien hierdie toestemming deur lisensies aan gemeentes uit te reik en dit jaarliks te hernu.

In die verband herinner ons u graag aan Sinode 2017 se besluit (*Handelinge 2017, bl. 352)*:

> **5.9.5 Die Sinode herbevestig die besluit dat gemeentes wat die *Psalms en Gesange vir die AP Kerk* elektronies vertoon, verantwoordelik is om die nodige lisensiegeld aan die CCLI oor te betaal vir die wettige gebruik van die produk ooreenkomstig die AP Kerk se ooreenkoms met die CCLI.**

Die CCLI het by navraag aan ons ’n lys verskaf van alle AP kerke wat tans oor lisensies vir die digitale vertoon van liedere beskik. Ons heg dit by hierdie omsendskrywe aan. Indien u gemeente se naam nie daarop verskyn nie, maar u vertoon wel die liedere digitaal, versoek ons u om met die CCLI in verbinding te tree en die nodige lisensie uit te neem. Indien u wel lisensiegeld betaal, maar u gemeente se naam verskyn nie op die lys nie, kontak ook die CCLI sodat dit reggestel kan word. Laat ons nie die agste gebod oortree nie.

Lisensiegeld vir digitale gebruik word volgens die grootte van gemeentes uitgewerk en moet **jaarliks** hernu word. Daar is gewoonlik in April ’n prysaanpassing wat deur die CCLI aan gemeentes deurgegee word. Die huidige tariewe is soos volg:


**Posadres:** Gemeenskaplike Kerkkantoor Posbus 25139 Monumentpark 0105
**Straatadres:** Makoustraat 516 Monumentpark X2 0181 ☎ (012) 362-1390 (012) 362-2023

| | | | |
|---|---|---|---|
| AH | 1 - 150 Lidmate | R354 | |
| A | 151 – 300 Lidmate | R825 | |
| B | 301 – 500 Lidmate | R919 | |
| C | 501 – 1500 Lidmate | R1910 | |
| D | 1501 – 2500 Lidmate | R2689 | |
| E | 2501 en meer Lidmate | R3925 | |

*Hoe om aansoek te doen vir 'n lisensie?*

Vir u gerief heg ons 'n aansoekvorm aan. Voltooi die vorm en stuur dit na za@ccli.com. Wanneer u die gewone lisensie uitneem, sal CCLI aan u gemeente 'n unieke intekenkode verskaf. Gebruik asseblief hierdie kode om u profiel te skep en vandaar sal u die liedere kan aflaai (vanaf 15 November 2019) vir gebruik binne u gemeente. Aangesien die *Psalms en Gesange vir die AP Kerk* deel van die *Liedboek*-familie vorm, sal hierdie lisensie u ook toegang tot die digitale skyfies van al die *Liedboek* liedere gee.

Hierdie *Power Point*-skyfies is ook op CD beskikbaar. Indien u dit op CD verkies eerder as om dit af te laai, sal u dit so aan CCLI moet verduidelik. CCLI sal u gemeente se kontakbesonderhede aan Bybel-Media deurgee wie die CD's verskaf. Posgeld en verpakking mag deur Bybel-Media aangevra word. Onthou egter dat al het u die skyfies afgelaai of 'n CD daarvan ontvang, u steeds verantwoordelik is vir die jaarlikse hernuwing van die lisensie.

Op die aansoekvorm kan u ook aandui of u gemeente toegang wil hê tot VONKK- en FLAM-liedere. Dit sal 'n addisionele koste behels, maar die CCLI sal met u in verbinding tree indien u aandui dat u daarin belangstel.

Indien u onseker is oor iets op die aansoekvorm, kan u die CCLI by 060 070 2601 skakel.

Met agting en seënwense

HSW Strauss

Digitally signed by HSW Strauss
Date: 2019.10.31 07:46:21 +02'00'

Ds. HSW Strauss
AFDELINGSHOOF: PUBLIKASIES EN MULTIMEDIA



**Posadres:** Gemeenskaplike Kerkkantoor Posbus 25139 Monumentpark 0105
**Straatadres:** Makoustraat 516 Monumentpark X2 ☎ (012) 362-1390 (086) 559 7243